Tweede uitgawe
2022

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Ondervoorsitter – Francois van As
  074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520 and Bruce Carter
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Duvan Horn
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.Kriek@Zutari.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur	1
Vergadering 2 Oktober	2
Mites oor bonsai	7
Vergadering 6 November	8
Kalender	9
Vergadering 8 Januarie	10
Snippets	21
Sorgskedule	22

Van die redakteur

Bonsai vriende

Ons is in die middel van winter. Francois gee op bladsy 9 bietjie raad oor wat hierdie tyd van die jaar met ons bome gedoen word.

Ek raak hierdie stil tyd somtyds baie ongeduldig omdat daar min is om te doen. Moeinie dat vervelig jou goed laat doen, soos te vroeg oorplant, wat bietjie moet wag nie.

Abraham Lincoln het gesê: "If I only had an hour to chop a tree down, I would spend the first 45 minutes sharpening my axe."

Beplan, beplan beplan. Jy gaan baie bly wees as die besige tyd in die lente begin en jy weet presies wat jy met watter boom wil doen. Herstyl, oorplant na 'n ander pot, of dalk 'n boom in 'n woud plant wat nie so mooi op sy eie lyk nie. Dalk het jy 'n mooi klip of rots wat jy kan gebruik.

Kyk na baie bonsai foto's as jy kan. Dit gee goeie idees oor wat met van jou bome gedoen kan word. Jy kan, en moet, onkruid verwyder uit jou bakke, of jou plek waar jou bome is skoon maak of selfs herrangskik.

Bestudeer jou bome met 'n langtermyn visie.

Bo als, geniet die bladwisselende bome wat nou sonder blare is en die mooi vertakking wat jy kan sien.

Alhoewel winter 'n stil tyd is kan dit ook bevredigend wees, geniet dit!

Jaco

"Every bonsai dreams of being a tall tree - until the wind blows." - Don Barnard

Vergadering van 2 Oktober 2021

Vergadering van 2 Oktober 2021—mini uitstalling



Bo: Gerhard, wat ongelukkig oorlede is nadat die foto's geneem is, het die Impala lelie sowat ses jaar as bonsai gegroei.

Bo: Hierdie Corkscrew Willow, Salix matsudana "Tortuosa', van Francois het hy 5 jaar gelede begin as bonsai.

Vergadering van 2 Oktober 2021—Mini uitstalling

Links: Hierdie Vuurdoring, Pyracantha, het Org so twee jaar gelede uit sy tuin gehaal en begin styl as bonsai.

Onder links: Philip het hierdie Bergkaree, Searsia leptodictya, by oorlede oom Theuns gekry sowat 10 jaar gelede.

Onder middel: Koos het hierdie Crassula as 'n klein plantjie op die 'raffle' gekry 6 jaar gelede.

Links: Daar is ongelukkig nie informasie beskikbaar van hierdie Grootnoemnoem, Carissa macrocarpa, van Christa nie.

Vergadering van 2 Oktober 2021—Mini uitstalling

Bo: Philip het hierdie Swartapiesdoring, Senegalia burkei, sowat 9 jaar gelede as bonsai gekoop.

Bo: Jaco het hierdie Natalvy, Ficus natalensis, sowat 18 jaar gelede van ’n steggie begin.

Bo: Hierdie “Cotoneaster’ of Bloudwergmispel het org sowat 15 jaar gelede as steggie by Hannes Fritz gekry.

Onder: Louis het hierdie Swartapies doring, Senegalia burkei, 9 jaar gelede as kwekery plantjie in ’n swart sakkie gekoop.

Vergadering van 2 Oktober 2021—Mini uitstalling

Regs: Louis het hierdie Olienhout, Olea Africana, 13 jaar gelede uit sy tuin gehaal.

Regs: Esther het hierdie Spekboom in 2020 as ’n geskenk gekry.

Links: Hierdie Kei appel, Dovyalis caffra, het Louis so 13 jaar en het hom van ’n kwekery plantjie begin.

Onder: Kobus het ’n stomp gewys wat hy gaan gebruik as ’n Tanuki.

Links: Esther het ’n baie klein Spekboompie gewys.

Vergadering van 2 Oktober 2021

Die vergadering het behels dat ons bome oorgeplant het. Ongelukkig het net Org en Jaco elk ’n boom oorgeplant. Onder is so paar foto’s van die twee bome wat oorgeplant is.

Jaco het ’n Ficus natalensis, wat hy voor die vergadering heeltemal ontblaar het, oorgeplant. Die boom het hy as ’n baie klein plantjie in 2000 by oorlede Koos le Roux gekry. Jaco gebruik gewoonlik die groeimengsel wat Carl maak, maar hy voeg goed verotte kraalmis asook Perliet by. Die Perliet gee baie goeie dreinering en maak die groeimengsel lekker lig vir maksimum suurstof opname.

Onder: Jaco wys die Perliet wat hy gebruik. Die wortel massa wat oorgelos word nadat sowat twee derdes van die ou wortels en groeimengsel verwyder is. En heel regs die boom na oorplant.

Onder: Org het ’n baie ‘rootbound’ Natalvy oorgeplant wat al sy bak gebreek het. Hy het eers bietjie aan die boom gestyl. Org het nog meer van die ou wortels afgehaal as Jaco. Hy het ook gewys dat hy ‘rooting hormone’ poeier oor die wortels sprinkel voordat hy die boom in sy nuwe bak plant.

Vyf (en daar is baie meer) mites oor bonsai

Bonsai bome word al vir honderde, indien nie duisende jare, beoefen nie. Daar bestaan egter steeds ’n klompie mites oor wat bonsai is.

1. Bonsai bome word klein gehou omdat hulle nie voeding gegee word nie.

Hierdie is ’n mite wat ervare bonsai entoesiaste bang maak, aangesien ’n boom wat nooit voeding gegee word nie uiteindelik sal vrek. Plante in potte, en dus bonsai bome, het voeding nodig om gesond te bly omdat hulle geen ander bron van voeding, soos bome in die natuur, het nie. Hiermee saam is daar nog ’n mite en dit is dat die kommersiële voeding wat gegee word baie verdun moet word. Hedendaagse voeding is goed nagevors en mens kan die instruksies oor hoe om te gee soos aanbeveel gebruik. As jy wil hê jou boom moet lank lewe en gesond wees gee maar voeding.

2. Bonsai bome is vir binnenshuis.

Verkeerd! Inteendeel, 'n bonsai moet juis buitenshuis gehou word. Jy moet poog om so na as moontlik die boom se natuurlike omstandighede, as hy in die natuur was, na te boots. Om te groei en te floreer, benodig bonsai, soos ander plante, sonlig, voeding, water, suurstof en somtyds beskerming. Daar is sekere tropiese bome wat wel binnenshuis aangehou kan word. Jy kan wel 'n boom vir 'n paar dae binnenshuis sit om te waardeer maar daarna moet hy weer buitenshuis geplaas word.

3. Bonsai se oorsprong is van Japan

Hierdie is 'n baie algemene opvatting. Bonsai, die konsep van boompies snoei en klein hou, het sy oorsprong in China en is deur Chinese monnike beoefen. Daar word geglo dat die monnike klein landskaps toneeltjies geskep het om hulle te herinner aan hulle kinderdae. Daar is bewyse hiervan in poësie asook ander kuns vorms uit vroeë Chinese tye. Toe Chinese monnike na Japan migreer het het hulle die konsep van bonsai in Japan bekendgestel. Vandaar het dit oor groot dele van die wêreld verspei.

4. Bonsai is wreed teenoor bome en maak bome ‘seer’

Presies die teenoorgestelde is waar. Bonsai liefhebbers sorg beter vir hul bome as wat in die natuur plaasvind en die versorging van bonsai bome beteken uitstekende gesondheid vir bome. Die bome ontvang (meestal) die versorging, voeding en liefde wat nodig is dat die boom floreer. Die snoei van die boom is ook niks erger as om jou gras te sny of om 'n heining te knip of 'n vrugteboom reg te snoei nie. Die boom kry nie ‘seer’ nie. Die klein bly van bonsai is nie omdat hy sukkel nie maar omdat hy gesnoei word, beide wortels en bo-groei. Bonsai, as gevolg van die goeie versorging, kan langer leef as sy eweknieë in die natuur.

5. Die beoefening van Bonsai is baie duur

Hierdie miete kom van die vroeë tye toe bonsai in China slegs deur die “rich and famous” beoefen is.

Gelukkig, in die 21ste eeu, is dit beskikbaar vir enige iemand wat 'n liefde of belangstelling daarvoor het. Om 'n baie hoë gehalte bonsai te koop kan wel duur wees, maar dit is nie nodig nie. Meeste bonsai entoesiaste begin bonsai van kwekery plantjies, steggies, saad of die uithaal van geskikte materiaal in die natuur. Die kennis om dit te versorg en styl kan dan aangeleer word uit boeke, van ervare persone of deur by 'n klub aan te sluit. Bonsai vra tyd, toegewydheid en kennis – en dit kan als gratis wees. ♣

Vergadering van 6 November 2021

Een vergadering per jaar is by die huis van een van ons lede. Op 6 November 2021 was dit by Jaco Kriek se huis. Daar is sommer lekker gekuier, natuurlik gebraai, maar darem ook aan ’n paar bome gewerk. Jaco het ook ’n iets en ander vertel van hoe hy sy Ficus burtt-davyi boompies hanteer en styl.

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in Julie en Augustus?

Hierdie twee maande verteenwoordig middel- en laat-winter. Dit impliseer dat ons boompies hulle nog in ‘n dormante stadium bevind. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Moet verkieslik nie na sononder natmaak nie. Geen bemesting word nou gegee nie. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël. Dit is nou die tyd om jou boompies te evalueer en aantekeninge te maak van wat jy met elke boompie beplan wanneer die groeiseisoen aanbreek. Boompies wat begin bot moet herpot word voordat blare ontwikkel. Gebruik ook hierdie tyd om jou gereedskap skoon te maak en te olie, maak leë potte skoon, berei jou grondmengsel voor en lees ‘n paar bonsai boeke en tydskrifte.

Francois van As

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?
Pretoria het ‘n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Julie	20	5	10	1	0-5mm
Augustus	22	8	10	2	0-5mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

One of the most important tools of BONSAI is patience.

Vergadering van 8 Januarie 2022

'Tip of the month' - Deur Carl de Beer

Carl het met ons die volgende gedeel: Ek het altyd probeer draad spaar na ek dit afgehaal het en weer later daarmee bedraad. Maar as die draad kort is, is dit moeilik om die draad te buig en dit sit onnodig spanning op die tak. Dieselfde as die tak kort is en dit word bedraad, dan is dit moeilik om die tak te buig wat onnodig spanning op die tak sit. Baie keer is dit beter om eers te bedraad en dan te snoei. Gebruik ook 'n tak wat van 'n boom in die tuin afgesny is en op-pad vuur toe is om bedrading op te oefen. Dus my wenk is: moenie met te kort draad en tak bedraad nie en oefen op gesnoeide 'tuin' takke.

Die tema van die vergadering was Commiphora vir Bonsai en is deur Jaco Kriek aangebied.

Commiphora vir Bonsai

Deur

Jaco Kriek

Vergadering van 8 Januarie 2022

Commiphora

Commiphora originates from the Greek words kommi, meaning ‘gum’ and phoros meaning ‘bearing’. The name was first used in 1797.

Afrikaans - Kanniedood

Engels - Corkwood
African Myrrh (commiphora Africana)

Daar is sowat 208 erkende spesies oor die wêreld en kom hoofsaaklik voor in Afrika, Arabië, die Indiese oseaan eilande asook India. In Suid Afrika is daar 20 spesies wat natuurlik voorkom en as bome geklassifiseer word. Daar is 25 spesies in Madagaskar.

Meeste spesies groei in baie warm en droeë toestande. Net ’n paar spesies kom voor in woude.

Commiphora is ’n fassinerende groep bome agv hulle bizarre voorkoms maar meer nog agv die historiese sowel as Bybelse assosiasie.

“The fact that many Commiphora species exude a resin with a pleasant odour and healing properties has been known since ancient times. Best known are the plants that produce myrrh and balm. Myrrh from Commiphora myrrha is mentioned in the Bible as one of the three gifts presented to the Christ child by the Wise Men. Commiphora gileadensis relates to the 'Balm of Gilead’ (also mentioned in the bible), which was used for its fragrance as well as healing properties.”

All species exude a milky or watery sap when damaged. Most species produce aromatic resin, a gum-like substance which hardens as it runs down the stem.

Vergadering van 8 Januarie 2022

The bark of most species peels off in papery pieces and flakes, often with a greenish layer underneath. Some bark is corky, while other species have variable bark. *Commiphora* species are deciduous and for most of the year the trees are without leaves, making identification difficult. Bark characteristics are then used to identify the trees.

The flowers are pollinated by small insects and the fruit are eaten by birds and small mammals. Many species of cork-wood store water in the swollen lower part of their stems and these are utilized by animals for the moisture. The leaves of some species are browsed by game.

Some *Commiphora* species are favoured by elephants and in some areas the trees are destroyed in great numbers. In the Mapungubwe National Park, in northern Limpopo Province, for example, the damage to these trees is severe. Often the very old trees are targeted and almost destroyed completely.
Some *Commiphora* species in South Africa have edible fruit.
The common name *corkwood* indicates that the wood is soft, although it is suitable for carving household items and ornaments. The Afrikaans name *Kanniedood* ('cannot die') refers to the fact that cut branches or cuttings grow very easily when planted. Farmers in Zululand often use thicker branches of this tree to make walls around their cattle kraals. The branches often take root without any additional encouragement, resulting in very strong and efficient hedges.

Vergadering van 8 Januarie 2022

As Bonsai

- Kanniedood maak baie mooi bonsai
- Hulle is relatief maklik
- Die eienskap dat die bas afskilfer bly so as bonsai en lyk baie interressant en gee ’n gevoel van ouderdom
- Hulle is egter rypgevoelig en moet in baie koue winters beskerm word
- Hulle groei baie mooi toe oor wonde (fuse, sonder moeite)
- Hulle hou van vol son en warm toestande

Vergadering van 8 Januarie 2022

As Bonsai

- Moet nie te veel water kry nie
- Hulle blaar ontwikkeling is goed en ek het gevind dat blare met tyd mooi verklein
- Hulle verkies ’n groeimengsel wat baie goed dreineer
- Hulle het gewoonlik minder wortels as ander spesies en kan dus langer tussenposes hê vir oorplanting. Hulle kan effe “rootbound” wees
- Algemene voeding kan twee weekliks gegee word
- Hulle kan ontblaar word. Ek ontblaar tot twee keer per groeiseisoen
- Doen harde snoei in die groeiseisoen, somer. Seël wonde
- Knip gereeld groeipunte terug gedurende groeiseisoen
- Meeste natuurlike style kan gemaak word
- Hulle is relatief pes vry
- Hulle groei baie maklik van steggies
- Hulle maak blomme en vruggies as bonsai
- Die Kanniedood wat in Suid Afrika die meeste gebruik word is C Harveyi
- Die Harveyi het nie dorings nie en stylering is dus nie bloedig soos met Akasia nie
- Hulle kan as redelik klein bonsai sowel as groter bome gegroei word
- Hulle vertoon baie mooi met blare sowel as sonder blare en klein boompies word hoofsaaklik geniet in die winter sonder blare, omdat ramifikasie moontlik is
- Dit is moontlik om digte “pads” te ontwikkel
- Na oorplant is die blare geneig om vir ’n seisoen of twee redelik groot te wees, seker om te probeer herstel. Daarna verklein hulle weer
- Hulle verplant maklik en ek het nog nooit bome gehad wat vrek agv oorplant nie
- Kobus het op sy lys van geskikte bome die volgende spesies, sien volgende bladsy

Vergadering van 8 Januarie 2022

Botaniese naam	Engelse naam	Afrikaanse naam
C edulis	Rough-leaved corkwood	Skurweblaarkanniedood
C glaucescens	Blue-leaved corkwood	Bloublaarkanniedood
C harveyi	Red-stemmed/copper-stem Corkwood	Rooistamkanniedood Koperstamkanniedood
C marlothii	Paperbark corkwood	Papierbaskanniedood
C Mollis	Velvet/velvet leaved corkwood	Fluweelkanniedood
C mossabicens	Pepper-leaved corkwood	Peperblaarkanniedood

I have a nice C neglecta. Green-stemmed corkwood / Groenstamkanniedood.

Onder so paar voorbeelde van die internet af:

Vergadering van 8 Januarie 2022

Persoonlike voorbeelde

Voorbeeld 1: C harveyi (Baobab): In Oktober 2011 het ek ’n plant by Daan gekry. Ek sny hom af net bokant die heel onderste twee klein takkies.
Teen Januarie 2017 het die takke redelik dik gegroei en ook ’n derde takkie begin maak. Fotos onder. Ek sny ’n V-keep tussen die twee groter takke.

Teen Mei 2018 het die “scar” begin toegroei en hy maak ook ’n vierde takkie. Ek sny toe die twee dik takke korter sodat die dunner takke kan sterk groei. Na ’n tydjie het ek die vierde takkie wat gegroei het afgesny en die ander een lank laat groei.

Vergadering van 8 Januarie 2022

Teen Oktober2019 was die derde tak omtrent so dik soos die eerste twee en het ek hom ook kort gesny. Foto's onder was geneem in Oktober 2019 voor en na ontblaring. Ek het die boom begin styl.

Die winter van 2020 het hy baie ryp skade gekry en ek snoei dooie takke hard terug. Ek plant ook in bak wat Lee-Ann vir my gemaak het. Hy herstel gelukkig goed. Winter van 2021 het ek hom elke nag in die garage gaan sit. Die V-keep het omtrent heeltemal toegegroei.

Vergadering van 8 Januarie 2022

Voorbeeld 2: C Harveyi. Hierdie is die boonste deel wat ek in Oktober 2011 van die vorige boom afgesny het. Ek het hom in groeimengsel gedruk en hy het gevat. Aan sy een kant was daar ’n dik en onooglike tak wat ek afgesny het. Het nie foto’s geneem nie.

Ek het die “scar” behandel volgens ’n metode wat ek op Terry Erasmus se ‘web-site’ gelees het en gemonnitor.

Vergadering van 8 Januarie 2022

Voorbeeld 3: C Harveyi. Die derde voorbeeld is die stam wat ek van die vorige boom afgesny het. Het hom in die grond gedruk en hy het gevat. Ook nie foto's toe geneem nie. Eerste foto links op 22 Mei 2018 geneem na hy al gegroei het. Regs was hy in November 2019. Winter van 2020 baie ryp skade gekry en is nou besig om stadig te herstel.

Voorbeeld 4: C neglecta.Ek vermoed ek het die boom omtrent in 1998 gekoop in 'n swart sakkie by 'n kwekery. Dit was eintlik perongeluk want ek wou 'n Harveyi koop. Het hom net lank laat groei. In 2011 het ek hom afgesny net onder die hoogste worteltjies en in 'n groeibak geplant. Hy het baie mooi ontwikkel en was op 'n stadium mooi genoeg om uit te stal. Onder links op volgende bladsy in 2016 by Safari kwekery uitstalling en regs met winter blare. Dooie blare bly lank aan die boom.

Vergadering van 8 Januarie 2022

Progress:

Hy maak ook blommetjies en vruggies wat lank aan die boom bly, as die voëls hulle nie eet nie. In winter 2020 baie skade gekry en moet nou weer herstel.

Voorbeeld 5: Hierdie was die onderste deel wat oorgebly het van die vorige boom. Hy het uitgeloop en klomp takkies gemaak wat ek lank laat groei het omdat ek nie geweet het wat om te doen nie. In Desember 2018 sny ek die lang takke korter. In Augustus 2020 plant ek na bonsai bak.

Bo: Die begin van die boom.

Opsomming: Probeer gerus die Kanniedood vir bonsai. Hulle is maklik en maak mooi bonsai. Probeer ook gerus (Louis??) van die 20 spesies in ons land wat nog onbekend is as bonsai. ♣

Snippets

OUR ENVIRONMENT

Are paper tea bags environmentally friendly?

Paper tea bags may seem like an environmentally friendly product, but sadly not all are. Some paper tea bags contain a small amount of polypropylene, which cannot be composted or recycled.

Luckily, there is an easy solution, buy loose tea (which often works out cheaper than buying in bags) and use either a metal tea infuser or strainer. Then you can enjoy your cuppa guilt-free!

Lose tea and an infuser or strainer are the best choice.

Inspirasie uit die natuur

Hierdie Denneboom is in die Natal middelande afgeneem.

Die vorm van die boom wys hoe ’n boom kan groei as daar nie ander bome rondom hom staan wat hom beinvloed nie. So vorm soos hierdie kan moontlik nageboots word in bonsai?

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, konsolideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning				Immergroen bome Evergreen trees	
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.